# Pragtige kiosk in middel van Burgerspark


IN die middel van die Burgerspark staan dié pragtige kiosk.

Op soel someraande het die orkes van die 24 th Regiment van Roberts Heights musiek gemaak op die Victoriaanse orkespawiljoen, wat waarskynlik in 1895 opgerig is.

Die kiosk en pawiljoentjie was romantiese onthaalplekke en talle swierige funksies is hier gehou – amptelike onthale soos die verwelkoming van genl. en mev. Louis Botha op 9 September 1911 toe hulle teruggekeer het uit Engeland waar hulle die kroning van George V bygewoon het. Dit was een van daardie sosiale byeenkomste waaroor die koerante nie uitgepraat kon raak nie.

Tot laat in die jare sestig het vrolike "parkmusiek" nog tussen die bome van Burgerspark opgeklink. Pretorianers sal dit sekerlik verwelkom as die jong manne van die Weermagorkes hulle weer só vergas, soos in die vorige eeu.

Die Burgerspark wat George Heys help skep het, het soos 'n uitbreiding van sy eie tuin voor Melrose-Huis gelê



IN die middel van die Burgerspark staan dié pragtige kiosk. Op soel somersaande het die orkes van die 24 th Regiment van Roberts Heights musiek gemaak op die Victoriaanse orkespawiljoen, wat waarskynlik in 1895 opgerig is.

Skets en teks: **Hannes Meiring**